**Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die swamme teen die betrokke middel sowel as die tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloede op mense of diere of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens**

**die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.**

## **VOORSORGMAATREËLS**

- Dra handskoene en 'n gesigsmasker as konsentraat hanteer word.
- Moet nie dampe of die sproeinewel inasem nie.
- Vermyn langdurige kontak met vel en oë. In geval van oogkontak spoel dadelik uit met skoon koue water. Indien per ongeluk met vel in aanraking kom, was dadelik met koue water en seep.
- Was besoedelde klere daaglik.
- Was met seep en water na gebruik of per abuisse velkontak.
- Moet nie eet, drink of rook terwyl vermeng of toegedien word of voor hande en gesig gewas is nie.
- Maak spuitapparaat skoon na gebruik en gooi waswater weg waar dit nie gewasse, weiding, riviere of damme sal besoedel nie.
- Keer die leë houër om oor die spuit- of mengtenk en laat dit dreineer vir ten minste 30 sekondes nadat die vloeitot 'n gedrup verander het. Spoel die leë houër daarna drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan minstens 10 % van die volume van die houër. Gooi die spoelwater in die meng- of spuittenk voor die leë houër vernietig word.
- Vernietig die leë houër deur gate daarin te maak en moet dit vir geen ander doel gebruik nie.
- Verhoed dat die spuitnewel wegdryf oor ander gewasse, weiding, riviere, damme en gebiede wat nie behandel moet word nie.
- Verhoed besoedeling van voedsel, voer, drink water en eetgerei.

## **WEERSTANDSWAARSKUWING**

Vir die doel van weerstandsbestuur word **MIRADOR® 250 SC** as 'n groepkode 11 swamdoder geklassifiseer. Enige swampopulasie mag individueel bevat wat 'n natuurlike weerstand teen **MIRADOR® 250 SC** en ander groepkode 11 swamdoders het. Die weerstandbiedende individueel kan uiteindelik die swampopulasie domineer as hierdie swamdoders herhaaldelik gebruik word. Hierdie weerstandbiedende swamme mag dalk nie deur **MIRADOR® 250 SC** of ander groepkode 11 swamdoders beheer word nie. Om swamdoderweerstand te vertraag:

- Vermyn die uitsluitlike herhaalde gebruik van swamdoders van dieselfde swamdodergroepkode. Wissel af, of gebruik in tenkmengsels met middels van ander swamdodergroepkodes.
- Indien van tenkmengsels gebruik gemaak word of met ander produkte afgewissel word moet na die etikette van die ander individuele produkte verwys word.
- Integreer beheermetodes (chemiese, bewerking, biologies) in swamdoder beheerprogramme.

Vir meer spesifieke inligting rakende weerstandsbestuur, skakel die registrasiehouer van hierdie produk.

**MIRADOR® 250 SC moet altyd as 'n voorkomende bespuiting toegedien word. Wissel MIRADOR® 250 SC toedienings af met ander geregistreerde middels wat nie in die strobilurien groep val nie. Moet nooit 'n strobilurien of strobilurien verwante middels in 'n program saam met MIRADOR® 250 SC gebruik nie. Nie minder as twee of meer as drie opeenvolgende bespuitings moet in 'n bloktoediening in enige gewas per seisoen gedoen word nie.**

## **GEBRUIKSAANWYSINGS**

**Gebruik alleenlik soos voorgeskryf.**

## Verenigbaarheid

**MIRADOR® 250 SC** is verenigbaar met mankoseb, koperoksichloried, minerale olies en buffers. Moet geen ander middel in 'n tenkmengsel daarmee toedien nie. Dit word egter aanbeveel dat 'n fisiese verenigbaarheidstoets gedoen word voor bespuiting, indien tenkmengsels met **MIRADOR® 250 SC** en ander swam- en insekdoders gedoen gaan word.

## Menginstruksies

Vul die spuittenk half vol met water. Voeg die benodigde hoeveelheid **MIRADOR® 250 SC** by 'n klein hoeveelheid water, vermeng deeglik en gooi in die tenk terwyl geroer word. Indien **MIRADOR® 250 SC** met ander middels in 'n tenkmengsel gebruik gaan word, vermeng hierdie middels apart met 'n klein hoeveelheid water voor dit in die tenk gevoeg word. Vul die spuittenk met water terwyl voortdurend geroer word. Moet nie die tenkmengsel toelaat om uit te sak nie. Verwys na die etikette van middels waarmee **MIRADOR® 250 SC** gemeng gaan word en sorg dat voldoen word aan die vereistes daarvan.

## TOEDIENING

### Algemeen

Verseker dat die toediener wat gebruik gaan word in 'n goeie werkende toestand is en korrek gekalibreer is. Maak gebruik van die spuitvolumes wat hieronder aangedui is om 'n goeie bedekking te verseker.

### Grondtoediening

**MIRADOR® 250 SC** kan met enige geskikte medium- of hoëvolume spuitapparaat toegedien word, mits dit korrek gekalibreer is, dit oor 'n doeltreffende roermeganisme beskik en in staat is om die spuitmengsel eweredig oor die teikenoppervlak te versprei.

### Lugtoediening

Lugtoediening van **MIRADOR® 250 SC** mag alleenlik deur 'n geregistreerde Lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS 10118 (The arial application of pesticides), toegedien word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikengebied versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tot die minimum beperk word. Die volgende vereistes moet nagekom word:

- Volume: 'n Spuitmengsel volume van 30 L/ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- Druppelbedekking: 25–35 druppels/cm<sup>2</sup> moet op die teikenarea herwin word.
- Druppelgrootte: 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 280–300 mikron word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikron (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- Vlieghoogte: Handhaaf 'n hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3–4 m. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik, klim of draai nie.
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binneste 60–75 % van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg.
- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihigrometer, moet nie 8 °C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 15 km/uur oorskry.
- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.

- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversielaag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot volgende probleme aanleiding gee:
  - a) Verlaagde doeltreffendheid aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
  - b) Skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die Lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.
- **INVLOED VAN REËN NA TOEDIENING:** Die toediening moet herhaal word indien reën binne twee uur na toediening voorkom.

## TOEDIENINGSHOEVEELHEDE

GEWAS TEIKEN	EN	DOSIS	OPMERKINGS
<b>Aartappels</b> Vroeëroes ( <i>Alternaria solani</i> )		<p><b><u>Grondtoediening</u></b></p> <p><b>MIRADOR® 250 SC</b> 300 ml/ha</p> <p>ODEON® 720 SC 1–2 L/ha in minimum 500 L water/ha</p> <p><b><u>Lugtoediening</u></b></p> <p><b>MIRADOR® 250 SC</b> 330 ml/ha</p> <p>ODEON® 720 SC 1–2 L/ha in 30–40 L water/ha</p>	<p>Dien <b>MIRADOR® 250 SC</b> as 'n <u>voorkomende</u> behandeling toe wanneer klimaatstoestande bevorderlik is vir die ontwikkeling van die siekte. Die eerste 2–3 toedienings word met ODEON® 720 SC gedoen, gevolg deur 'n toediening van <b>MIRADOR® 250 SC</b>, 7 dae later in die vroeë blomperiode. Wissel elke 7 dae daarna met ODEON® 720 SC af tot 'n maksimum van 6 <b>MIRADOR® 250 SC</b> bespuitings toegedien is (ekwivalent aan 30 % van die totale aantal swamdoders in die spuitprogram). Addisionele bespuitings daarna tot aan die einde van die groeiseisoen moet met ODEON® 720 SC gedoen word. <b>MIRADOR® 250 SC</b> moet nie 30 % van die totale aantal <b>MIRADOR® 250 SC</b>/ODEON® 720 SC bespuitings in die spuitprogram oorskry nie. As die siekte alreeds teenwoordig is, moet minstens twee bespuitings met ORIUS 200 EW of ORIUS 250 EW uitgevoer word voor die voorkomende program met <b>MIRADOR® 250 SC</b> in aanvang neem. <b>MIRADOR® 250 SC</b> moet nooit eerste of laaste in 'n spuitprogram of as 'n opvolgbespuiting op 'n onsuksesvolle bespuiting gebruik word nie. Die eerste 2–3 bespuitings met ODEON® 720 SC kan vervang word met 'n produk waarvan die aktiewe bestanddeel metalaksil is (sien die metalaksil etiket vir toedieningshoeveelhedede).</p>

GEWAS TEIKEN	EN	DOSIS	OPMERKINGS
<b>Droëbone</b> Antraknose ( <i>Colletotrichum lindemthianum</i> ) Roes ( <i>Uromyces appendiculatus</i> )		400 ml/ha	<b>Voorkomende behandelings:</b> Dien twee volle dekhoediening bespuitings 14 dae uitmekaar vanaf blomvorming toe. Gebruik <b>MIRADOR® 250 SC</b> in 'n program met ORIUS 200 EW of ORIUS 250 EW. <b>MIRADOR® 250 SC</b> moet nooit eerste of laaste in 'n spuitprogram of as 'n opvolg bespuiting op 'n mislukte bespuiting gebruik word nie. Moet nie meer as twee <b>MIRADOR® 250 SC</b> bespuitings per seisoen toedien nie.
<b>Druuwe</b> Tafel- wyndruuwe Donsskimmel ( <i>Plasmopora viticola</i> ) Poeieragtige skimmel ( <i>Oidium tuckeri</i> ) ( <i>Uncinula necator</i> )	en	80 ml/100 L water  <b>Tafeldruuwe:</b> <b>Toedieningsvolumes</b> <b>Voor blom:</b> 250–500 L spuitmengsel per ha <b>Tydens blom:</b> 500–750 L spuitmengsel per ha <b>Na-blom:</b> 750–1000 L spuitmengsel per ha  <b>Wyndruuwe:</b> <b>Toedieningsvolumes</b> <b>Voor blom:</b> 250–500 L spuitmengsel per ha <b>Tydens blom:</b> 500–750 L spuitmengsel per ha <b>Na blom:</b> 750–1 000 L spuitmengsel per ha	<b>Dien as 'n hoë volume toediening toe.</b> Dien as 'n voorkomende bespuiting toe as die langste lote ± 100 mm lank is. Volg op met 'n tweede toediening 10–14 dae later. Waar poeieragtige meeldou beheer moet word, word dit aanbeveel dat die spuitprogram met 'n ander geregistreerde middel van 'n ander swamdodergroep begin word as die lote 25 mm lank is. <b>MIRADOR® 250 SC</b> moet verkieslik tussen die blom en ertjiekorrelgrootte stadiums toegedien word, maar kan egter eniger tyd in die spuitprogram gebruik word. <u>Moet nie minder as 2, maar nie meer as 3 opeenvolgende bespuitings van MIRADOR® 250 SC per seisoen toedien nie.</u> Na die laaste toediening van <b>MIRADOR® 250 SC</b> , moet 'n ander geregistreerde middel van 'n ander swamdoder groepkode gebruik word. Moet nie <b>MIRADOR® 250 SC</b> op steggies in kwekerie gebruik nie. <b>MIRADOR® 250 SC</b> moet nooit as die eerste of die laaste bespuiting in 'n spuitprogram of as 'n opvolg bespuiting op 'n mislukte bespuiting gebruik word nie. Indien altwee siektes nog steeds voorkom na die gebruik van <b>MIRADOR® 250 SC</b> moet van ander geregistreerde middels wat in 'n ander swamdoder groep val, gebruik gemaak word. Moet nooit <b>MIRADOR® 250 SC</b> teen verlaagde dosisse gebruik nie. Moet nie ander strobiluriene in 'n <b>MIRADOR® 250 SC</b> gebaseerde program gebruik nie.
<b>Koolgewasse (Brassicas)</b> Witroes ( <i>Albugo candida</i> )		500–750 ml/ha afhange van siektedruk  <b>Spuitvolume:</b> 450–750 L water afhange van plantgrootte	Dien twee <u>voorkomende bespuitings</u> toe, 7 dae uitmekaar as weerstoestande gunstig is vir die ontwikkeling van die siekte. <b>MIRADOR® 250 SC</b> kan in 'n program met ander geregistreerde produkte van 'n swamdoder in 'n verskillende groepkode gebruik word. <b>MIRADOR® 250 SC</b> moet nooit eerste en laaste in 'n spuitprogram of as 'n opvolgbespuiting op 'n onsuksesvolle bespuiting gebruik word nie. Moet ook nooit meer as twee <b>MIRADOR® 250 SC</b> bespuitings per gewas per seisoen oorskry nie.



GEWAS TEIKEN	EN	DOSIS	OPMERKINGS
<p><b>Mango's</b></p> <p>Antraknose (<i>Colletotrichum gloeosporioides</i>)</p>	<p>40 ml/100 L water</p> <p><b>Dien as 'n hoë volume bespuiting toe.</b> Gebruik 5–15 L spuitmengsel per boom afhangend van die boom grootte en ouderdom.</p>	<p>Die toediening van <b>MIRADOR® 250 SC</b> moet 'n aanvang neem vanaf volblom tot vrugset (blomblaarval). Dien die tweede bespuiting van <b>MIRADOR® 250 SC</b> nie later as 21 dae voor oes toe nie. <b>MIRADOR® 250 SC</b> sal ook stingelendvrot (<i>Dothiorella dominican</i>), <i>Lasiodiplodia theobromae</i> en <i>Phomus mangifera kompleks</i>), blomendvrot, sagte bruinvrot (<i>Botryosphaeria spp</i>) en poeieragtige skimmel (<i>Oidium mangiferae</i>) onderdruk. Om volle beheer van poeieragtige skimmel te verkry, word aanbeveel dat <b>MIRADOR® 250 SC</b> in 'n program met BUMPER® 250 EC, OSCAR en swael teen die geregistreerde aanbevole dosisse gebruik word.</p>	
<p><b>Mielies en suikermielies</b></p> <p>Grysblaarvlek (<i>Cercospora zea-maydis</i>) Roes (<i>Puccinia sorghii</i>)</p>	<p><b>Voorgestelde spuitprogramme wat gevolg kan word in 'n seisoen:</b></p> <p>Enkele bespuiting grond- of lugtoediening, van <b>MIRADOR® 250 SC</b> teen 400 ml/ha</p> <p><b>OF</b></p> <p>Enkele <b>MIRADOR® 250 SC</b> bespuiting teen 300 ml/ha gevolg deur 'n enkele difenokonasool bespuiting teen 300 ml/ha</p> <p><b>OF</b></p> <p>Twee <b>MIRADOR® 250 SC</b> bespuitings, teen 300 ml/ha gevolg deur 'n enkele toediening met difenokonasool teen 300 ml/ha</p>	<p>Dien toe sodra die eerste simptome op die onderste 3–5 blare waargeneem word, maar voor die infestasienvlak 3 % van die totale blaaroppervlak bereik.</p> <p>In die geval van medium tot lang seisoen basters, waar die eerste bespuiting met <b>MIRADOR® 250 SC</b> gedoen is binne 3 weke vanaf bestuiwing, moet 'n opvolgbespuiting binne 4–5 weke later met difenokonasool gedoen word.</p> <p>Waar die aanvanklike bespuiting met <b>MIRADOR® 250 SC</b> in 'n baie vroeë stadium gedoen word, mag 'n derde bespuiting nodig wees. In sulke gevalle word die eerste twee bespuitings met <b>MIRADOR® 250 SC</b> gemaak, 4–5 weke uitmekaar en daarna opgevolg met difenokonasool 4–5 weke na die tweede <b>MIRADOR® 250 SC</b> bespuiting.</p>	

GEWAS TEIKEN	EN	DOSIS	OPMERKINGS
<b>Mielies suikermielies (vervolg)</b>	en	<b>SPUITVOLUMES</b> <b>Trekker:</b> 300–450 L water/ha <b>Hoëbalk trekker:</b> 150–300 L water/ha <b>Lugtoediëning:</b> 40 L water/ha <b>Rugsaktoediëning:</b> 60–70 L water/ha	<b>MIRADOR® 250 SC</b> moet nooit eerste of laaste in 'n spuitprogram gebruik word nie of as 'n opvolgbespuiting na 'n onsuksesvolle bespuiting met 'n ander middel nie.
<b>Pampoengewasse</b> Poeieragtige meeldou ( <i>Sphaerotheca            fuliginea/ Erisyphe            cichoracearum</i> )	400–500 ml/ha Die dosis word bepaal deur die siektedruk	<b>Voorkomende behandeling:</b> Dien twee volle dekbespuitings 7 dae uitmekaar toe. Dien die eerste spuit tydens die blomperiode toe. Gebruik <b>MIRADOR® 250 SC</b> in 'n spuitprogram met OSCAR of ODEON® 720 SC toe. Moet nooit meer as twee bespuitings met <b>MIRADOR® 250 SC</b> per seisoen toedien nie. <b>MIRADOR® 250 SC</b> moet nooit eerste en laaste in 'n spuitprogram of as 'n opvolgbespuiting op 'n onsuksesvolle bespuiting gebruik word nie. M <b>Moet MIRADOR® 250 SC nie met benatter soos MCW EOS olie toedien nie.</b>	

GEWAS TEIKEN	EN	DOSIS	OPMERKINGS
<b>Sitrus</b> Swartvlek <i>(Guignardia citricarpa)</i>		200 g mankoseb 800 g/kg WP/100 L water  20 ml <b>MIRADOR® 250 SC</b> + 150 g mankoseb 800 g/kg WP OF 150 g koperoksiechloried 850 g/kg WP + 500 ml MCW EOS/100 L water  200 g mankoseb 800 g/kg WP/100 L water	Begin spuitprogram met een mankoseb bespuiting by vrugset (100 % blomblaarval)  21 Dae na die aanvanklike mankoseb bespuiting, ongeveer middel tot einde Oktober, word die eerste <b>MIRADOR® 250 SC</b> bespuiting toegedien en ses weke daarna (einde November begin Desember) opgevolg met die tweede <b>MIRADOR® 250 SC</b> bespuiting.  Dien mankoseb 6 weke na die laaste <b>MIRADOR® 250 SC</b> toediening toe as een of twee bespuitings met 21–24 dae intervale solank bevordelike toestande, vir die siekte voortduur.

### Sitrus

Om aan die weerstandbestuur strategieë vir die strobiluriengroep swamdoders in sitrus te voldoen, is dit baie belangrik om **MIRADOR® 250 SC** altyd in 'n spuitprogram met mankoseb 800 g/kg WP of koperoksiechloried 850 g/kg WP toe te dien. Die korrekte tydsberekening van die toedienings is van kritiese belang om 'n hoë vlak van beheer te handhaaf.

- Dien **MIRADOR® 250 SC** toe in 'n program soos hieronder aangedui. Dien mankoseb toe net na vrugset (100 % blomblaarval) en volg op met twee **MIRADOR® 250 SC** bespuitings. Dit moet opgevolg word met nog minstens een of twee mankoseb bespuitings om die program te voltooi.
- Snoei laaghangende takke en snoei spuitvensters in diggroeïende bome teen 45 % van die spuitlyne om indringing en bedekking met die spuitmengsel te bevorder.
- Aangesien **MIRADOR® 250 SC** beperkte genesende eienskappe het, moet dit altyd as 'n voorkomende bespuiting aangewend word.
- Verwys na die etikette van mankoseb, koperoksiechloried en MCW EOS om die gebruiksaanwysings te bekom.
- Verwyder alle buite seisoen vrugte voor die spuitprogram begin word.
- Moet nie **MIRADOR® 250 SC** gebruik in verwaarloosde boorde, boorde met sigbare tekens van *Phytophthora* wortelvrot, aalwurm infestasies, virus infeksies en enige ander tekens van fisiologiese stremming nie, omdat sulke toestande die doeltreffendheid van die produk negatief kan beïnvloed.
- **Vermenging:** Maak die spuittenk half vol met water en voeg 'n ware buffer, volgens etiketaanbevelings, by die water. Meet die benodigde hoeveelhede **MIRADOR® 250 SC**, mankoseb of koperoksiechloried uit en meng apart in klein hoeveelhede water en voeg by die gebufferde water in die spuittenk terwyl geroer word. Vul die tenk met water terwyl geroer word. Voeg die benodigde hoeveelheid **MCW EOS olie** by terwyl voortdurend geroer word. Roering in die spuittenk moet aanhoudend geskied en daar moet verhoed word dat die spuitmengsel uitsak.
- **Dien slegs as 'n hoë volume bespuiting toe.** Gebruik 20–40 L spuitmengsel op jonger bome en 30–50 L op ouer bome.

GEWAS TEIKEN	EN	DOSIS	OPMERKINGS
<b>Suurlemoene</b>		<p>200 g mankoseb 800 g/kg WP/100 L water</p> <p>20 ml <b>MIRADOR® 250 SC</b> + 150 g mankoseb 800 g/kg WP + 500 ml <b>MCW EOS</b>/100 L water</p> <p>200 g mankoseb 800 g/kg WP/100 L water</p>	<p>Begin spuitprogram deur mankoseb in September en Oktober toe te dien.</p> <p>Dien die tweede en derde bespuitings met <b>MIRADOR® 250 SC</b>, mankoseb en MCW EOS in Oktober en Desember, soos vir sitrus, toe. Volg op met toedienings in Januarie en Februarie. <b>Alle vrugte moet van die bome verwyder word voor die aanvang van die spuitprogram.</b></p> <p>Dien mankoseb 6 weke na die laaste <b>MIRADOR® 250 SC</b> toediening toe. Dien een of twee toedienings toe teen 200 g/100 L water met tussenposes van 21–24 dae indien toestande gunstig bly vir die ontwikkeling van die siekte.</p>
<b>Rissies</b> Poeieragtige meeldou <i>(Leveillula taurica)</i>		60 ml/100 L water	<p><b>Voorkomende behandeling:</b> Dien twee voldektodiening bespuitings elke 7 of 14 dae intervalle, na gelang van siektedruk toe. Indien elke <u>7 dae</u> toegedien word, dien twee toedienings in die begin van die blomperiode toe. Indien elke <u>14 dae</u> toegedien word, gebruik alternatiewe geregistreerde produkte elke 7 dae. As <b>MIRADOR® 250 SC</b> in 'n spuitprogram met 'n ander geregistreerde middel toegedien word, moet die <b>MIRADOR® 250 SC</b> toedienings beperk word tot 30 % (maksimum 6 bespuitings) van die totale aantal bespuitings in die program. Moet nooit <b>MIRADOR® 250 SC</b> as die eerste of die laaste bespuiting in die program of as 'n opvolg op 'n onsuksesvolle bespuiting toedien nie.</p>

GEWAS TEIKEN	EN	DOSIS	OPMERKINGS
<p><b>Tamaties</b> Laatroes (<i>Phytophthora infestans</i>)</p>	<p><b>MIRADOR® 250 SC</b> 80–120 ml/100 L water afhangelend van siektedruk.</p> <p><b>ODEON® 720 SC</b> 100–380 ml/100 L water afhangelende van siektedruk</p> <p><b>Spuitvolume</b> Dien in 300–1000 L water/ha toe op tamaties wat 10–130 cm hoog is</p>	<p>Dien <b>MIRADOR® 250 SC</b> toe as 'n <u>voorkomende behandeling</u> as klimaatstoestande gunstig is vir die ontwikkeling van die siekte. Die eerste twee tot drie bespuitings moet met ODEON® 720 SC gedoen word, wat 7 dae later deur 'n <b>MIRADOR® 250 SC</b> toediening gevolg word op tamaties wat in die vroeë blomstadium is. Wissel met ODEON® 720 SC elke 7 dae af tot 'n maksimum van 6 <b>MIRADOR® 250 SC</b> bespuitings (ekwivalent aan 30 % van die totale swamdoder program). Latere bespuitings tot die einde van die groeiseisoen moet met ODEON® 720 SC gedoen word. <b>MIRADOR® 250 SC</b> moet nie meer as 30 % van die <b>MIRADOR® 250 SC</b> /ODEON® 720 SC program oorskry nie. Indien die siekte alreeds teenwoordig is voor toediening, gebruik 'n geregistreerde sistemiese produk vir ten minste twee bespuitings, voor na die voorkomende program teruggekeer word. Hierdie spuitprogram teen laatroes, sal ook vroeëroes beheer.</p> <p><b>MIRADOR® 250 SC</b> moet nooit aan die begin of aan die einde van 'n spuitprogram of as 'n opvolg op 'n onsuksesvolle bespuiting gebruik word nie. Metalaxyl kan die eerste 2–3 ODEON® 720 SC bespuitings aan die begin van die spuitprogram vervang.</p>	
<p><b>Uie</b> Alternaria vlek (<i>Alternaria porri</i>) Stemphylium blaarvlek (<i>Stemphylium vesicarium</i>)</p>	<p>400 ml/ha</p>	<p><b>Voorkomende behandeling:</b> Dien twee bespuitings toe 14 dae uitmekaar sodra die blaarbasis begin verdik. <b>MIRADOR® 250 SC</b> kan ook later in die seisoen gebruik word as toestande vir die ontwikkeling van die siekte gunstig raak. Dien as n <u>voldektoediening bespuiting</u> toe. Moet nie meer as twee <b>MIRADOR® 250 SC</b> bespuitings in dieselfde seisoen op dieselfde land gebruik nie. Gebruik 'n <u>bevorderingsmiddel</u> soos MCW EOS olie teen 'n konsentrasie van 0.25 % van die spuitoplossing. Moet nie meer as twee bespuitings met <b>MIRADOR® 250 SC</b> per seisoen oorskry nie. Die spuitprogram moet nooit met <b>MIRADOR® 250 SC</b> begin of eindig nie en moet nooit as 'n opvolg op 'n onsuksesvolle bespuiting volg nie.</p>	

ODEON® en BUMPER® is die geregistreerde handelsmerke van 'n maatskappy van die ADAMA GROEP.

MCW EOS, OSCAR and ORIUS is die handelsmerke van 'n maatskappy van die ADAMA GROEP.